basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIOR SERTIFIKAAT/ NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2020

## VRYSTAAT

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 28 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |
| AFDELING D: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: ARTIKEL EN GRAFIESE TEKS

Lees die artikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS A**



### DIE LEWE VAN 'N BLOMMEVERKOPER

1 Dadija Israel, 'n blommeverkoper van Kaapstad, volg in haar ouers se voetspore. Haar ma het jare lank buite 'n winkelsentrum onder 'n boom met haar blomme gesit. Haar pa het oral in die Kaap, tot so ver as Upington, proteas en rose verkoop.

2 Dadija en haar broer het altyd saam met hul ouers gegaan. Toe haar ma siek word, moes Dadija op 15-jarige ouderdom skool verlaat om haar ma te help blomme verkoop. Eers wou sy graag haar skoolloopbaan voltooi en iets anders met haar lewe doen, maar nie nou meer nie. Vanjaar is dit al 16 jaar dat Dadija dit doen. Dit wys dat sy lief is vir blomme.

3 Sy is getroud en het drie kinders. Omdat haar man nie werk nie, is die blommegeld die gesin se enigste inkomste. Dis nie maklik om só jou geld te verdien nie, maar daar is nooit 'n dag wat sy leë hande huis toe gaan nie. Die minste wat sy al op 'n dag verdien het, was R100 en die meeste R3 000.

4 Dadija sit onder dieselfde boom as waar haar ma met haar blomme gesit het – al reën dit of al waai die wind. Sy sit van nege-uur in die oggend tot saans halfsewe onder die boom. Op belangrike dae soos Valentynsdag of Kersfees, kry sy toestemming om haar blomme in die sentrum te verkoop. Sy moet egter betaal om dit te mag doen.

5  Maandae en Dinsdae gaan haal sy vars blomme en pak dit vir die week. Sy kry die blomme van verskillende plekke af – proteas van Grabouw en lelies van 'n plaas naby Philippi. Party blomme kom van ver en word by die lughawe afgelaai waar sy dit dan kry. 

6 Dadija ry met 'n stokou bakkie. Elke oggend sit sy die emmers uit, kry die mat reg, sit die blomme in die emmers, gooi water in en sorg dat alles mooi lyk. Saans pak sy alles weer op die bakkie en vat dit sentrum toe, waar sy dit oornag los tot die volgende dag.

7 Blommeverkopers moet hulle sake goed beplan, want blomme is duur. As die blomme doodgaan, moet hulle dit weggooi, maar steeds daarvoor betaal. Wanneer Dadija hieroor kla, vertel haar ma hoe húlle destyds gesukkel het. Hulle moes die blomme in die bosse op die berg gaan pluk en ver loop om dit te verkoop. Dan besef sy dat dit vandag eintlik makliker is om 'n blommeverkoper te wees as in haar ma se dae.

8 Dadija se hele familie verkoop blomme, maar elkeen werk vir homself of haarself. Die blommegeld help om vir party van die kinders se studies te betaal. Haar een neef is 'n rekenmeester en die ander een is 'n onderwyser – al hulle studies is met blommegeld betaal.

9 Dadija is 'n gelukkige blommeverkoper. Soms is haar lewe moeilik, maar sy verkies om positief te bly. Haar enigste begeerte is om vir haar kinders alles te gee wat hulle nodig het. Sy sê: "Ek sal nooit my plek onder dié boom opgee nie. Hierdie plek is vol herinneringe."

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 8 Februarie 2019]

1.1 In watter stad verkoop Dadija blomme? (1)

1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Dadija Israel volg in haar ouers se voetspore" beteken dat (sy oral saam met haar ouers gegaan het/haar ouers vir haar 'n voorbeeld was). (1)

1.3 Dadija se ouers het blomme verkoop.

1.3.1 Waar het Dadija se ma blomme verkoop? (1)

1.3.2 Waar het Dadija se pa blomme verkoop? (1)

1.4 Dadija kon nie haar skoolloopbaan voltooi nie.

1.4.1 Hoe oud was sy toe sy skool moes verlaat? (1)

1.4.2 Hoekom moes sy skool verlaat? (1)

1.5 Hoe weet ons dat dit nie van die begin af Dadija se plan was om blomme te verkoop nie? Jy mag in jou antwoord aanhaal. (1)

1.6 Waarom kan ons sê dat Dadija haar gesin (haar man en kinders) se broodwinner *(breadwinner)* is? (1)

1.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.7) neer.

"... daar is nooit 'n dag wat sy leë hande huis toe gaan nie." (Reël 14)

Dit beteken dat sy ...

A elke dag geld verdien.
B van die blomme huis toe vat.
C elke dag al haar blomme verkoop.
D nooit 'n dag sonder blomme begin nie. (1)

1.8 Noem TWEE dinge wat dit soms vir Dadija moeilik maak om onder die boom te sit en blomme te verkoop. (2)

1.9 Waarom kan ons sê dat Dadija lang ure werk? (1)

1.10 Lees weer paragraaf 4.

Hoe weet ons dat Dadija seker maak dat sy elke geleentheid gebruik om sake te doen? (1)

1.11 Kies die inligting in KOLOM B wat by die plekke in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.11.1 tot 1.11.4) neer, bv. 1.11.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.11.1 Grabouw | A Dadija het soms saam met haar pa hier blomme gaan haal. |
| 1.11.2 Philippi | B Dadija laai haar blomme wat van ver af kom, hier op. |
| 1.11.3 Die lughawe | C Dadija kry haar proteas van hier af. |
| 1.11.4 Die winkelsentrum | D Gedurende die week los Dadija haar blomme oornag hier. |
| | E Dadija se lelies kom van 'n plaas hier naby af. |

(4 x 1) (4)

1.12 Waarmee vervoer Dadija haar blomme? (1)

1.13 As die blomme doodgaan, moet Dadija dit weggooi, maar steeds daarvoor betaal. Dit beteken dat sy geld verloor.

Wat, dink jy, moet Dadija doen om te keer dat sy geld op hierdie manier verloor? (1)

1.14 "Wanneer Dadija hieroor kla, vertel haar ma hoe húlle destyds gesukkel het." (Reël 31)

Wat leer Dadija uit haar ma se moeilike lewe as blommeverkoper? (1)

1.15 Waarom kan ons sê dat Dadija van roetine hou? (1)

1.16 Blommeverkope het oor die jare gesorg dat die Israel-familie se kinders seker kon wees van 'n goeie toekoms.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

1.17 Lees weer paragraaf 9.


Watter goeie eienskap van Dadija kry jy in hierdie paragraaf wat jy sal onthou? (1)

1.18 Waarom is die boom waaronder Dadija sit en blomme verkoop vir haar so spesiaal? (1)

**TEKS B**

Bestudeer die grafiese teks hieronder en beantwoord die vrae.

## HERWINNING IN DRIE STEDE IN SUID-AFRIKA




[Verwerk uit *Grafika24*]

1.19 In watter stad word *skarrelaars die meeste vir karton betaal? (1)

1.20 Watter produk word die minste in Suid-Afrika herwin? (1)

1.21 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die simbool  stel (metaal/plastiek) voor. (1)

1.22 Vir watter produk word presies dieselfde in al drie die stede betaal? (1)

1.23 Waarom kan ons sê dat dit goed is om *skarrelaars in ons gemeenskappe te hê? (1)

1.24 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.24) neer.

Die herwinningsteken  wys dat ...

A rommel minder gemaak moet word.
B baie rommel nie weer gebruik kan word nie.
C mense te veel dinge weggooi wat weer gebruik kan word.
D dinge wat mense weggooi, verwerk en weer gebruik kan word. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: DINGE OM TE ONTHOU AS 'N POFADDER IEMAND PIK

Pofadders kom oral in ons land voor. Jy gaan lees op die internet wat om te doen as 'n pofadder iemand pik.

- Som in SEWE VOLSINNE op **WAT JY MOET ONTHOU OM TE DOEN AS 'N POFADDER IEMAND PIK**.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

Min mense weet presies wat om te doen as 'n pofadder iemand pik. Hier is wat jy moet of nie moet doen nie.


Jy moet die persoon kalmeer. 'n Mens skrik as 'n slang jou pik. Dan klop jou hart vinniger en die gif versprei ook vinniger.



As 'n pofadder die persoon aan die voet pik, sal die voet begin swel. Dis waarom jy die persoon se skoen gou moet uittrek. As die skoen begin druk, gaan dit seer wees.



Die wond sal bloei. Was dit mooi skoon met seep en water.



'n Stywe verband om die voet kan skade aanrig. Jy druk dan net al die gif op een plek vas. Verbind net die voet sodat dit nie kan beweeg nie.



Daar is mense wat sê jy moet die wond sny om die gif uit te suig. Moet dit nie doen nie. Die persoon kan infeksie kry.



Die persoon moet gemonitor word. Hy kan begin sukkel om asem te haal of selfs bewusteloos raak.



Probeer die persoon by 'n hospitaal kry. Dis baie selde dat iemand wat deur 'n pofadder gepik word, binne 24 uur sal sterf. Jy het dus genoeg tyd.



[Verwerk uit https://www.everydayhealth.com]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**




[Verwerk uit *Kuier*, 9 Januarie 2019]

3.1 Gee die INTENSIEWE VORM van "swart". (1)

3.2 Skryf die SIN hieronder oor.

Gebruik Plush.

**Begin só:** Jy moet ... (1)

3.3 Skryf EEN WOORD neer vir die woorde tussen hakies.

Dan sal jou kinders (elke oggend) met skoon skoene skool toe gaan. (1)

3.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.4) neer.

"Alle ma's wat Plush koop, is lief vir hulle kinders."

Met hierdie sin word ma's ...

A geoordeel.
B gekritiseer.
C gefrustreer.
D gestereotipeer. (1)

3.5 "Plush laat kinders **skitter**."

3.5.1 Die LETTERLIKE betekenis van "skitter" is dat die kinders se skoene (blink/duur) is. (1)

3.5.2 Die FIGUURLIKE betekenis van "skitter" is dat die kinders (die skoonste in die skool is/goed in hulle skoolwerk doen). (1)

3.6 Vul die korrekte VERSAMELNAAM *(collective noun)* in.

Plush laat jou ou (...) skoene nuut lyk. (1)

3.7 Watter EEN woord in die advertensie hou verband met die **klomp** produkte wat **langs mekaar** in die advertensie verskyn? (1)

3.8 Gee die korrekte VORM van die woord tussen hakies.


Die (maklik) manier om nog inligting oor Plush te kry, is om  of  te gebruik. (1)

3.9 Hoe weet jy dat dit vir die kinders lekker is om skool toe te gaan? (1)
**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Bestudeer die spotprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**




[Verwerk uit mamataxi.blogspot.com]

**LET WEL:** In hierdie strokiesprent is die taxibestuurder se naam Mavis en haar passasier se naam is Zandi.

4.1 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Mavis sê vir Zandi: "Die ander mense hou nie van taxibestuurders nie."

**Begin só:** Mavis sê vir Zandi dat ... (1)

4.2 Vul die korrekte VOORNAAMWOORD in.

Dit is <u>my</u> taxi. Hierdie taxi is ... (1)

4.3 Gee die korrekte AFRIKAANS vir "*Watch my*!" (1)

4.4 Gee die korrekte VORM van die woord tussen hakies.

Ek gaan vir jou wys dat ons ook die (reg) dinge kan doen. (1)

4.5 In RAAMPIE 2 staan die taxi skeef en daar trek stofwolke en rook.

Wat kan ons hieruit aflei? (1)

4.6 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Ek wag rustig. (1)

4.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.7) neer.

As Mavis in RAAMPIE 3 vir die motorbestuurder wys om eerste te ry, probeer sy wys dat sy ...

A 'n pap wiel het.
B iemand wil oplaai.
C goeie maniere het.
D die padreëls nakom. (1)

4.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Ag nee!!" in RAAMPIE 4 sê dat die man (bly/kwaad) is. (1)

4.9 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Kan jy nie sien dis (veilig) om hier te stop nie? (1)

4.10 Vul die KORREKTE antwoord in.

Die leesteken na "TOET!" (RAAMPIE 4), wat sê dat dit 'n harde geluid is, noem ons 'n ... (1)
**[10]**

## VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

**VAN SAKKIEPAKKER TOT PROKUREUR**

Nicole Meyer was vyftien (5.1.1) (...) oud toe sy as sakkiepakker by 'n winkel begin werk het. Sy moes werk (5.1.2) (om te help die gesin). (5.1.3) Nicole werk elke naweek.

(5.1.4) (a) Na matriek het Nicole aan die Universiteit van kaapstad studeer. (5.1.4) (b) Sy wou die prokureur word. In die (5.1.5) (twee) semester het sy 'n paar vakke gedruip en haar beurs verloor. (5.1.6) Sy het voltyds by Pick n Pay gaan werk. Daar was nie geld om verder te studeer nie.

Nicole (5.1.7) (was) eers 'n kassier en later 'n bestuurder. Uiteindelik het sy in die (5.1.8) regsafdeling gewerk. (5.1.9) Nicole het deeltyds regte deur UNISA studeer.

(5.1.10) Dit was maklik om te werk en te studeer. Gelukkig het Nicole se (5.1.11) (pa) en haar man haar baie ondersteun.

Na 10 jaar van studie het Nicole in 2017 haar (5.1.12) (graad/graat) verwerf. (5.1.13) Vandag werk sy by 'n regsfirma.

[Verwerk uit *Kuier*, 20 Februarie 2019]

5.1.1 Vul die KORREKTE woord in.

Nicole Meyer was vyftien ... oud toe sy as sakkiepakker by 'n winkel begin werk het. (1)

5.1.2 Skryf die gedeelte tussen hakies KORREK oor.

Sy moes werk (om te help die gesin). (1)

5.1.3 Skryf die sin in die VERLEDE TYD oor.

Nicole werk elke naweek. (1)

5.1.4 VERBETER die fout in elk van die sinne hieronder. Skryf die HELE sin uit.

(a) Na matriek het Nicole aan die Universiteit van kaapstad studeer. (1)

(b) Sy wou die prokureur word. (1)

5.1.5 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

In die (twee) semester het sy 'n paar vakke gedruip en haar beurs verloor. (1)

5.1.6 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Sy het voltyds by Pick n Pay gaan werk. Daar was nie geld om verder te studeer nie. (omdat) (1)

5.1.7 Gebruik die woord "was" in 'n sin sodat dit 'n ANDER BETEKENIS het as in die sin hieronder.

Nicole **was** eers 'n kassier en later 'n bestuurder. (1)

5.1.8 Verdeel die woord "regsafdeling" in LETTERGREPE. (1)

5.1.9 Skryf die ONDERWERP in die sin hieronder neer.

Nicole het deeltyds regte deur UNISA studeer. (1)

5.1.10 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM oor.

Dit was maklik om te werk en te studeer. (1)

5.1.11 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woord tussen hakies.

Gelukkig het haar (pa) en haar man haar baie ondersteun. (1)

5.1.12 Kies die korrekte WOORD uit dié tussen hakies.

Na 10 jaar van studie het Nicole in 2017 haar (graad/graat) verwerf. (1)


5.1.13 Skryf die SIN oor.

Vandag werk sy by 'n regsfirma.

**Begin só:** Sy ... (1)

5.2 Bestudeer die teks (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G**




[Verwerk uit *Volksblad,*12 Desember 2016]

5.2.1 Gee die VERKLEINWOORD vir die woord tussen hakies.

Daar is baie boeke op Pieter se klein (tafel). (1)

5.2.2 Kies die korrekte VOORSETSEL uit dié tussen hakies.

Pieter konsentreer hard (op/aan) die storie wat hy lees. (1)

5.2.3 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD uit dié tussen hakies.

Dit is 'n gemaklike stoel (waarop/op wat) Pieter sit. (1)

5.2.4 Gee die korrekte SAMESTELLING van die woorde uit dié tussen hakies.

Pieter se (tennis+raket) staan teen die muur. (1)

5.2.5 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Pieter hou van (rugby, krieket en tennis). (1)

5.2.6 Gee die SINONIEM van die woord tussen hakies.

Pieter doen goed op skool, want hy is (intelligent). (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

Beantwoord SLEGS die vraag oor die kortverhale/drama wat jy behandel het, dit wil sê VRAAG 6 OF VRAAG 7 OF VRAAG 8.

VRAAG 6*: KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" (20) **EN** VERHAAL B: "DIE RAMP" (20)

**OF**

VRAAG 7*: OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker

VERHAAL A: "OM LAASTE TE KAN LAG" (20) **EN** VERHAAL B: "LEUENS" (20)

**OF**

VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

### VRAAG 6*: KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

**VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS H**

Ek het nog skaars die linkerruit afgedraai toe steek hy sy kop deur die venster. "My van is Gouws en ek werk op die pad en ek gaan na my vrou en kinders toe ..."

Ek nooi hom saam en ons ry. Hy sit baie kordaat en regop langs my, 'n klein koffertjie op die skoot, 'n week se baard op sy wange en 'n tamaai glimlag om die mond. Sy ander bagasie – 'n paar los pakkies en 'n halwe sakkie lemoene – lê agter op die sitplek.

"Ons is besig met die pad Skurweberg toe. Nou staan ek in 'n tent. Sien ek die familie so een keer 'n maand vir 'n naweek. Ek vlieg Saterdagmôre hier weg, dan kom ek voor aandete daar as ek gelukkig is. Volgende môre vlieg ek weer daar weg. Darem 'n nag. Darem iets."

Dis 'n duisend kilometer heen en terug. Dis moeite.

6.1 Hoe het die verteller geweet dat Gouws saam met hom wou ry? (1)

6.2 Tot op watter dorp wou Gouws saam met die verteller ry? (1)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.3) neer.

" ... en 'n **tamaai glimlag** om die mond." (Reël 4 en 5)

Hierdie beskrywing van Gouws beklemtoon dat hy ...

A van die verteller se motor gehou het.
B bly was om iemand te sien wat hy ken.
C tevrede was met wat die lewe vir hom gegee het.
D bly was dat daar genoeg plek vir al sy bagasie was. (1)

6.4 Gouws het nie oor die moeilike kamplewe gekla nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Ek **vlieg** Saterdagmôre hier weg, ..." (Reël 8)

Dit sê vir ons dat Gouws (met 'n vliegtuig huis toe gaan/so vinnig moontlik huis toe vertrek). (1)

6.6 "Darem 'n nag. Darem iets." (Reël 9 en 10)

Wat sê hierdie woorde vir 'n mens van Gouws se persoonlikheid? (1)

6.7 Gee TWEE redes waarom dit harde werk was om paaie te maak. (2)

6.8 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (6.8.1 en 6.8.2) en die ontbrekende woorde neer.

| | | |
|---|---|---|
| beter; | sterk; | mak |

Gouws het sy werk as padmaker geniet. Hy sê 'n mens maak eers die berg (6.8.1) ... en dan bou jy 'n nuwe pad daar. So maak jy die lewe (6.8.2) ... vir ander mense. (2)

6.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Gouws het kort-kort gekyk hoe laat dit was. Dit sê vir ons dat Gouws (bekommerd/opgewonde) was omdat hy vroeër as gewoonlik by die huis sou wees. (1)

6.10 Gouws wou nie toelaat dat die verteller hom by sy huis aflaai nie. Wat kan 'n mens hieruit aflei? (1)

6.11 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die verteller het by Gouws en sy gesin verbygery.
- Die verteller het afgedraai en naby Gouws se huis gestop.
- Die verteller het Gouws by die bopunt van sy straat afgelaai.
- Die verteller het die ontmoeting tussen Gouws en sy gesin gesien. (4)

6.12 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.12) neer.

Watter les kan 'n mens uit hierdie kortverhaal leer?

A Maak seker dat jy jou eie vervoer het.
B Laai mense wat langs die pad staan, op.
C Moenie jou gesin vir lang tye alleen laat bly nie.
D Moenie toelaat dat moeilike omstandighede jou onderkry nie. (1)

6.13 Waarom kan 'n mens sê dat die verteller rede gehad het om te dink dat iets by Gouws se huis verkeerd was? (1)

6.14 Waarom, dink jy, het Gouws en sy gesin nie gesien toe die verteller by hulle verbyry nie? (1)

6.15 Watter goeie voorbeeld stel Gouws van hoe 'n man teenoor sy familie moet optree? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "DIE RAMP" – TT Cloete**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS I**

Later is ek papnat en koud.

Toe ek weer 'n motor hoor aankom van Humansdorp se kant af, dink ek daaraan om die oudste seuntjie saam met my te laat staan en smeek om hulp. Mense hou dalk stil as hulle die kind sien.

Die plan deug. Dis 'n klein, geel Mini-stasiewaentjie wat stilhou. Die bestuurder klim uit, hoor my aan, sê min, asof hy die vrede nie heeltemal vertrou nie, luister afgetrokke na my, lig met sy flits in die motor en sien die ander kinders. Baie ondersoekend kyk hy na die siek enetjie. Hy het darem aspirine vir haar. Die noodtoestand los nou vinnig op. Hy neem my aan die arm en lei my swyend na sy motortjie en wys vir my: daar is geen ma in die motor nie, soos in ons s'n, en daar lê drie klein kindertjies en slaap in die agterste ruimte.

Toe begin hy spraaksaam raak.

6.16 Hoekom het die verteller langs die pad in die reën gestaan? (1)

6.17 Hoekom, dink die verteller, het die motors nie gestop om hom te help nie? Noem TWEE redes. (2)

6.18 Waarom was dit onverantwoordelik *(not responsible)* van die verteller om sy seun saam met hom in die reën te laat staan? (1)

6.19 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Die plan deug," (reël 5) beteken dat die plan (nie geslaag het nie/geslaag het). (1)

6.20 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf die vraagnommers (6.20.1 en 6.20.2) en die ontbrekende woorde neer.

| skrikkerig; | gewillig; | onvoorbereid |
|---|---|---|

Die verteller moes in die donker langs die pad staan, want hy het nie 'n flits by hom gehad nie. Dit sê vir 'n mens die verteller was (6.20.1) ... om die lang reis huis toe aan te pak. Die weldoener wat by die verteller gestop het, was dadelik (6.20.2) ... om die verteller te help. (2)

6.21 "Hy het darem aspirine vir haar." (Reël 8)

Wat het die weldoener nóg gedoen om die verteller te help? (1)

6.22 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lees reël 9–11.

Hieruit kan ons aflei dat die weldoener vir die verteller wou wys dat hy (die verteller se moeilike situasie kon verstaan/sy eie probleme gehad het). (1)

6.23 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.23) neer.

"Toe begin hy **spraaksaam** raak" (reël 12), beteken dat die weldoener baie gepraat het. Dit kon die verteller dalk ... het.

A bang laat voel
B moeg laat voel
C skaam gemaak
D ongeduldig gemaak (1)

6.24 Waarom kan die weldoener in hierdie uittreksel as 'n goeie mens beskryf word? (1)

6.25 Terwyl die verteller vir die weldoener gewag het, het dit vir hom gevoel of die ure soos eeue verbygaan.

Wat kan 'n mens hieruit aflei? (1)

6.26 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die weldoener se bril het in stukkies gebreek.
- Die weldoener het in Van Stadenspas verongeluk.
- Die drie mans het saam by die motor se enjin ingeloer.
- Die verteller het besef hoe belangrik die weldoener se bril vir hom was. (4)

6.27 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.27) neer.

Die tema van hierdie kortverhaal is om ...

A vir mense jammer te voel.
B regverdig te wees.
C selfsugtig te wees.
D jouself jammer te kry. (1)

6.28 Hoekom kan 'n mens sê dat die verteller reg opgetree het nadat hy die weldoener se bril gebreek het? (1)

6.29 Die ramp in die titel van hierdie kortverhaal verwys na die steenbokkie wat raakgery is.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.30 Hoekom kan ons sê dat hierdie verhaal 'n hartseer einde het? (1)
**[40]**

**OF**

**VRAAG 7*: OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

**VERHAAL A: "OM LAASTE TE KAN LAG" – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS J**

Miskien het sy eertydse geliefde veertig jaar lank skuldig gevoel. En miskien het oom Apie heelwat gedoen om daardie skuldgevoelens wakker te hou. En miskien het hy sy groot liefdesteleurstelling veertig jaar lank as gerieflike verskoning gebruik om oujongkêrel te bly. En miskien het niks hom beter gepas as dié verskoning nie. Maar toe die verskoning verval, toe sit oom Apie in die hek.

Die weduwee het haar egter nie van stryk laat bring nie. Sy het hom met liefde en geskenke begin oorlaai en wou haar nie aan sy nee steur nie. En toe hy hardkoppig bly, het sy begin dreig om veertig jaar se gedeelde geheime uit te lap.

7.1 Noem TWEE dinge wat oom Apie anders as die res van sy familie gedoen het. (2)

7.2 Noem EEN plek waar oom Apie soms gewerk het. (1)

7.3 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf die vraagnommers (7.3.1 en 7.3.2) en die ontbrekende woorde neer.

| geldgierig; | onbetroubaar; | hulpvaardig |
|---|---|---|

Oom Apie was (7.3.1) ..., want hy het graag ander mense gehelp. Hy was egter ook (7.3.2) ... omdat jy nie op hom kon staatmaak nie. (2)

7.4 Hoe het oom Apie gelyk? Gee EEN beskrywing. (1)

7.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Al die kinders het baie van oom Apie gehou omdat hy (nooit lank op een plek gebly het nie/interessante stories oor diere vertel het). (1)

7.6 Die tannies het skaam gekry vir die stories wat oom Apie vertel het.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

7.7 Die jeugliefde het oom Apie steeds versorg, al was sy met iemand anders getroud. Wat kan ons hieruit aflei? (1)

7.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.8) neer.

"Maar toe die verskoning verval, toe **sit oom Apie in die hek**," (reël 4 en 5), beteken dat hy nie ...

A meer op die plaas kon bly nie.
B 'n permanente blyplek gehad het nie.
C meer by sy jeugliefde kon gaan kuier nie.
D geweet het hoe om uit die situasie te kom nie. (1)

7.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Oom Apie het die dag by die verteller-hulle opgedaag omdat hy (raad/werk) gesoek het. (1)

7.10 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die jeugliefde het gedreig om al oom Apie se geheime te vertel.
- Die jeugliefde het baie geskenke vir oom Apie gekoop.
- Die jeugliefde het baie geld van haar man geërf.
- Die jeugliefde het oom Apie gevra om te trou. (4)

7.11 Waarom was dit reg van oom Apie om nie met die jeugliefde te trou ná haar man se dood nie? (1)

7.12 Hoekom, dink jy, het daar so baie mense by oom Apie se begrafnis opgedaag? (1)

7.13 Dink aan die verhouding tussen oom Apie en sy familie.

Waarom kan ons sê dat daar in die werklike lewe mense soos oom Apie bestaan? (1)

7.14 Waarom pas die slot van die verhaal by die titel "Om laaste te kan lag"? (1)

7.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.15) neer.

Die les wat die leser uit die verhaal leer, is dat jy ...

A van jou probleme kan weghardloop.
B mense kan misbruik om vir jou te sorg.
C grappies kan maak om jou uit die moeilikheid te kry.
D verantwoordelikheid moet aanvaar vir die dinge wat jy doen. (1)

**EN**

**VERHAAL B: "LEUENS" – CM van den Heever**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS K**

"O, goed dankie. O, dis jy, Olga!" Naomi se gedagte fladder soos 'n voël rond wat geen tak kan kry om op te sit nie. Altyd as sy haar welgestelde vriendinne ontmoet, dan word die onrus in haar opgejaag, dan is sy vaag verward en wil net wegkom voordat vrae oor haar huislike lewe begin. In 'n oogwenk het sy Olga van kop tot tone opgeneem: die duur modelhoed, die kosbare swart syrok en fyn slangvelskoene.

"Ja," sê Olga, "ek ontmoet nou die dag nog vir Hester, toe gesels ons oor jou. Sy vertel my toe dat jy nou in Johannesburg woon. Dis darem lanklaas dat ons mekaar ontmoet het! Wag, laat ek sien. Dis mooi tien jaar gelede dat ons laas met mekaar gesels het. Dit was darem lekker dae saam op die kosskool, nè? Partymaal wens ek dat ons weer van dié dae saam kon belewe.

7.16 In watter deel van Johannesburg het Naomi gewoon? (1)

7.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.17) neer.

"Naomi se **gedagte fladder soos 'n voël rond** wat geen tak kan kry om op te sit nie." (Reël 1 en 2) Dit sê vir ons dat Naomi ...

A baie senuweeagtig gevoel het.
B na verskillende straatgeluide geluister het.
C die mooi klere in die winkels bewonder het.
D gewonder het wat haar seuntjie by die huis doen. (1)

7.18 Waarom sou dit vir Olga 'n skok wees om uit te vind dat Naomi nou arm is? (1)

7.19 Watter TWEE vrae oor haar huislike lewe wou Naomi nie graag beantwoord nie? (2)

7.20 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Naomi se man het meer as een werk verloor omdat hy (onverantwoordelik/ ongekwalifiseerd) was. (1)

7.21 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

" ... en wil net wegkom ..." (Reël 3)

Hieruit kan ons aflei dat Naomi (vrae oor haar lewe wou beantwoord/wou keer dat Olga haar uitvra). (1)

7.22 Na tien jaar wou Olga graag weer met Naomi vriende wees.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

7.23 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Olga het Naomi in Westcliff afgelaai.
- Naomi en Olga het saam by Olga se huis gekuier.
- Olga en Naomi het 'n afspraak vir Woensdagmiddag gemaak.
- Naomi se man het met haar baklei omdat sy by Olga wou gaan kuier. (4)

7.24 Watter sosiale werk/gemeenskapswerk *(community work)* het Olga gedoen? (1)

7.25 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf die vraagnommers (7.25.1 en 7.25.2) en die ontbrekende woorde neer.

| rykmanslewe; leuens; mislukking |
|---|

Naomi voel dat die middag saam met Olga nie 'n sukses was nie. Die (7.25.1) ... het Naomi laat sleg voel. Sy het ook besef dat Olga se (7.25.2) ... gekeer het dat sy eerlik met Olga kon wees. (2)

7.26 Naomi se man het 'n paar keer vir haar gesê dat sy 'n snob is. Waarom het hy haar só genoem? (1)

7.27 Hoekom pas die titel van hierdie verhaal beter by Naomi se kuier by Olga as by die slot van die verhaal? (1)

7.28 Waarom sou Naomi en Olga nooit weer goeie vriendinne kon wees nie? (1)

7.29 Sê hoekom jy vir Naomi jammer voel, al het sy leuens vertel. (1)

7.30 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.30) neer.

Watter les leer 'n mens uit hierdie kortverhaal?

A Leuens los probleme op.
B Die waarheid kom altyd uit.
C Leuens laat jou lewe agteruitgaan.
D 'n Man behoort vir sy gesin te kan sorg. (1)

**[40]**

**OF**

**VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS L**

BINKI: Ek ... ek doen nou soort van matriek.
LUCKY: Soort van? In watter soort van skool doen 'n mens soort van matriek?
BINKI: Ek gaan nie juis skool toe nie.
LUCKY: *(Verbaas.)* Hallou?
BINKI: Ek doen matriek deur korrespondensie.
LUCKY: Oukei. Jy doen matriek op die never-never. By die huis?
BINKI: E ... nee. Ek bly hier by tannie Wilma en dan doen ek die skoolwerk saans.
LUCKY: Jy bly hier by die simpel sirkus? Is julle dan familie?
*(Binki skud haar kop.)*
Het jy dan nie 'n huis nie?
BINKI: Natuurlik het ek.
LUCKY: Maar jy bly hier? Bring jou mense jou nie ook hiernatoe in hulle four-by-four nie?

8.1 Binki is 'n afkorting vir haar regte naam.

8.1.1 Wat was Binki se regte naam? (1)

8.1.2 Na wie is Binki vernoem? (1)

8.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Ek ... ek doen nou soort van matriek." (Reël 1)

Dit beteken dat Binki (nie seker was of sy al in matriek is nie/probeer verduidelik dat sy nie in 'n gewone skool is nie). (1)

8.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.3) neer.

*(Verbaas)* in reël 4: Hierdie woord is skuinsgedruk en tussen hakies, want dit …

A wys vir die gehoor hoe hulle moet optree.
B maak die gesprek tussen die karakters interessant.
C wys hoe die karakter op daardie oomblik moet optree.
D beklemtoon dat Binki nie soos 'n gewone kind grootword nie. (1)

8.4 Noem TWEE traumatiese dinge wat met Binki gebeur het voordat sy by Wilma op die plaas gaan bly het. (2)

8.5 "Ek doen matriek deur korrespondensie." (Reël 5)

Waarom pas hierdie manier van skoolgaan by Binki se situasie? (1)

8.6 "Jy bly hier by die simpel sirkus?" (Reël 8)

8.6.1 Van watter plek praat Lucky? (1)

8.6.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.6.2) neer.

Wanneer Lucky van die "simpel sirkus" praat, weet ons dat ...

A die plek vir hom deurmekaar was.
B die perde nie goed versorg was nie.
C dit 'n plek was waar hy nie graag wou wees nie.
D die perde se vertonings nie vir hom mooi was nie. (1)

8.7 Lees reël 8–12.

Wat het Lucky in hierdie reëls gesê wat Binki hartseer kon laat voel? (1)

8.8 Voltooi die volgende sinne deur die KORREKTE woorde uit die drama te gebruik. Skryf net die vraagnommers (8.8.1–8.8.4) en die woorde neer.

8.8.1 Binki se ma is 'n ... (haar tipe werk). (1)

8.8.2 Binki se pa was nie deel van haar lewe nie, want hy het in ... (watter land) gebly. (1)

8.8.3 Binki se hondjie se naam was ... (1)

8.8.4 Toe Lucky by Wilma aangekom het, was dit sy werk om die ... (plek waar die perde gebly het) skoon te maak. (1)

8.9 Lucky het net soveel vir diere omgegee as Binki.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

8.10 "Bring jou mense jou nie ook hiernatoe in hulle four-by-four nie?" (Reël 12–13)

Wat kan ons aflei uit die feit dat Lucky dink dat Binki se mense 'n "four-by-four" het? (1)

8.11 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit was vir Binki (moeiliker/makliker) om vir Wilma op haar naam te noem as om vir haar ma Sabrina te sê. (1)

8.12 Aan die begin van die drama het Lucky lelik met Binki gepraat en haar gespot. Sy het nie teruggepraat nie. Wat sê dit van Binki se karakter? (1)

8.13 Hoekom, dink jy, kan ons sê dat Wilma 'n positiewe rol in Binki se lewe gespeel het? (1)

8.14 Waarom was dit goed vir Binki dat Lucky aangehou het om vrae oor haar lewe te vra? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS M**

LUCKY: Hel, ek is jammer. Ek wou nie jou klere skeur nie. *(Hy druk die mou lomp teen haar arm terug asof hy dit weer kan aanlas. Hy kyk geskok na die growwe littekens op haar arm.)*
Wat's daai? Hei? Wat het met jou gebeur?
*(Binki vlug Kaizer se stal blindelings binne.)*
Ag nee, moenie huil nie. Ek het jou mos nie seergemaak nie. Kyk, dis net die mou wat af is. Hou op huil, asseblief.
*(Lucky loer bang huis toe.)* Wilma gaan my ophel. Ek kan nie weer in die moeilikheid kom nie. Die prokureur gaan my vrek maak. Regtig, ek gaan bars. Asseblief, kom uit daar.
*(Binki besef met 'n skok sy is te naby aan Kaizer en kom uit sy stal. Lucky probeer vir haar die bloes se mou aangee, maar sy vat dit nie.)*
Wil jy dit nie aantrek nie – of – *(Hy wys lomp na haar arm.)*

8.15 Lucky en Binki het oor Binki se selfoon gestoei en toe skeur hy haar klere. (Reël 1)

8.15.1 Hoekom het hulle oor Binki se selfoon gestoei? (1)

8.15.2 Hoekom was dit nie reg van Lucky om Sabrina se kontaknaam op Binki se selfoon te verander nie? (1)

8.16 Waarom het Binki altyd bloese met lang moue gedra? (1)

8.17 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

*(Binki vlug Kaizer se stal blindelings binne.)* (Reël 5)

Uit hierdie optrede van Binki kan ons aflei dat sy so vinnig van Lucky af wou wegkom dat sy van haar (vrees/respek) vir die perde vergeet het. (1)

8.18 Lucky het nie vir Binki seergemaak nie. Hoekom het sy dan gehuil? (1)

8.19 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (8.19.1 en 8.19.2) en die ontbrekende woorde neer.

| leer perdry; | mooi met Binki praat; | gemeenskapsdiens doen |
|---|---|---|

"Ek kan nie weer in die moeilikheid kom nie." (Reël 8 en 9)

Lucky was bang hy kom by mevrou Bekker in die moeilikheid, want sy is die een wat gesê het hy moes (8.19.1) ... Hy was bang hy kom by Wilma in die moeilikheid, want sy was die een wat gesê het hy moes (8.19.2) ... (2)

Kopiereg voorbehou 

8.20 Wat het Lucky in sy eie lewe gehad wat Binki in haar lewe gemis het? (1)

8.21 Waarom was Binki so ontsteld oor die nuwe man in haar ma se lewe? (1)

8.22 Binki weet die verskonings dat haar ma hard werk en te besig is om haar te sien, is ONWAAR. Motiveer hierdie stelling. (1)

8.23 *(Lucky probeer vir haar die bloes se mou aangee, **maar sy vat dit nie**.)* (Reël 11 en 12)

8.23.1 Hoe het jy gedink dat Binki hier sou optree? (1)

8.23.2 Ná hierdie voorval het Binki anders opgetree. Noem TWEE dinge wat sy hierna anders gedoen het. (2)

8.24 Dink aan Binki en haar ma se verhouding.

Waarom kan ons sê dat daar in die werklike lewe ma's soos Binki se ma is? (1)

8.25 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In die slottoneel van hierdie drama hardloop hulle saam met die perde in 'n kring. Dit wys vir ons dat hulle (mekaar en hulself aanvaar/saam met die perde oefen). (1)

8.26 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Lucky het vir Kaizer water gegee.
- Binki se ma het haar by Wilma afgelaai.
- Binki het besluit om nie meer weg te kruip nie.
- Lucky het op Wilma se plaas aangekom om sy gemeenskapsdiens te doen. (4)

8.27 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.27) neer.

'n Les wat Lucky én Binki geleer het, is dat ...

A baie geld jou lewe maklik maak.
B vriende 'n mens soms seermaak.
C niemand se lewe sonder probleme is nie.
D ouers altyd weet wat die beste vir hulle kinders is. (1)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou